

Hoofstuk van die dag: Rigters 21

> *Die volk het vir Benjamin jammer gekry, want die Here het ’n stuk uit die stamme van Israel uitgeskeur. (vers 15)*

Die Israeliete haal een van die oudste verskonings uit om hulleself te verontskuldig oor die benarde situasie waarin die

stam Benjamin hom bevind het. Húlle het die Benjamin-stam vermoor – mans, vrouens, kinders. En nou, toe hulle sien wat hulle aangevang het, moet iemand natuurlik die skuld kry: God, natuurlik. “Die Here het ’n stuk uit die stamme van Israel uitgeskeur,” bekla hulle hulle lot.
Dit klink baie vroom om in jou verdwaasdheid te erken dat die Here in jou situasie betrokke is, maar sy betrokkenheid in ons lewe is om te red, nie te verwoes nie (Joh 3:17; 12:44-50). Onder die dekmantel van geloof en vroomheid gebeur daar dikwels meer onreg onder gelowiges deur as onder ongelowiges. Oorloë (soos in Rig 19-21) is deur die eeue met vroom redenasies goedgepraat en selfs aangevuur. Vandag nog word haatspraak en verdagmakery met die onverantwoordelike gebruik van die Bybel geregverdig en verdedig.
Ag nee wat. Jesus het ons anders geleer (Joh 13:34). Hy het deernis met alle mense gehad, selfs vir dié wat ons sou wou uitsluit. Kom ons volg Hom ook hierin!

Naskrif: Ons begin (DV) môre met die Evangelie volgens Johannes.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026